Donderdag 20 Augustus
Skrifgedeelte: Handelinge 15:1-21
Fokusgedeelte: Handelinge 15:10 (AFR83/AFR2020)

Moenie God se geduld op die proef stel met onwaarhede nie

Verskeie gelowiges was van mening dat die nie-Joodse gelowiges eers aan sekere vereistes moes voldoen om waardig geag te word om Christus as Verlosser te ontvang. Een van hierdie vereistes was dat hulle besny moes word (15:1). Hierdie saak het tot onenigheid binne die kerk gelei, soveel so dat Paulus en Barnabas daarteen verset het en na Jerusalem gereis het om die saak met die apostels en ouderlinge te bespreek (15:2).

Die eerste kerklike vergadering het hier plaasgevind en Petrus het duidelik gestel dat daar geen verskil tussen Joodse en nie-Joodse gelowiges is nie, want ook laasgenoemdes het die Heilige Gees ontvang en hulle harte is deur die geloof gereinig (15:8-9). Petrus vra toe in vers 10: *"Hoekom wil julle God se geduld beproef?"* Sommiges het deur die eis van besnydenis 'n juk op die nie-Joodse gelowiges gelê: hulle moes iets doen wat hulle voorvaders en selfs Petrus se eie geslag nie kon nakom nie. Dit was onbillik en onredelik om te eis dat hulle, ná die geloof wat hulle reinig en red, ook nog besny moes word. Geloof in Christus deur God se genade was voldoende vir redding; dit is nie so dat geloof plus besnydenis tot redding lei nie.

Vandag stel ons steeds God se geduld op die proef, want baie gelowiges wil 'n swaar juk op medegelowiges plaas deur te eis dat, ná geloof in Christus, ook aan sekere ander vereistes voldoen moet word. Hierdie vereistes sluit in dat iemand herdoop of "grootgedoop" moet word, met die Heilige Gees gedoop moet word, in tale moet spreek en wondergenesings moet doen, ensovoorts.

Jesus het juis gekom om ons vry te maak van die juk wat so swaar op ons gedruk het, en tog trek ons onsself weer onder so 'n juk in deur te dink dat geloof in Jesus nie voldoende kan wees nie, daarom moet ons self sekere eise nakom en verrig. Die Heilige Gees oortuig ons dat ons beste werke met sonde bevlek is en ons is geneig om God en ons naaste te haat. Hoe kan ons enigiets by ons verlossing byvoeg?

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 3, 7*

*Ds. AN (Nikla) du Plessis (Worcester)*